# HOOFSTUK 10

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN EVALUERING

"... kennis is meer werd as die fynste goud" (Spreuke 8:10).

## 1. INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke (hoofstuk 5-9) is voorbeelde van argeologiese navorsing uit die historiese tydperk in noordelike Gauteng bespreek. In hierdie hoofstuk sal elkeen hiervan aan die hand van die bevindinge waartoe daar in hoofstuk 3 gekom is, geëvalueer word (vergelyk punt 6 van hoofstuk 3, spesifiek punt 6.10 en Tabel 3.4 en 3.5). Op grond hiervan sal aandag aan die Kultuurhistoriese, Kultuurproses-, Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma gegee word. Op hierdie wyse sal bepaal word tot watter mate daar aan die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is. Hierdie inligting sal benut word in die samestelling en verduideliking van 'n "nuwe" paradigma vir die navors van histories-argeologiese erfenishulpbronne.

Volgens tabel 3.4 moet daar aan die volgende vereistes voldoen word ten einde aan die kriteria van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit (navorsingskriteria) te voldoen:

primêre vereistes (daar moet aan al 8 voldoen word):

- kultuurverband
- ruimte
- tyd

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- benutting van historiese kennis
- beskrywing
- verklaring
- individualiteit
- materiële kultuur

sekondêre vereistes (slegs een of meer hiervan):

- aanpassing by omgewing
- sosiale strukture
- simbolisme
- ekonomiese/ideologiese strukture.

Volgens tabel 3.5 moet daar aan die volgende vereistes voldoen word ten einde aan die kriteria van navorsings-, bestuurs-, opvoedkundige en gemeenskapsbehoeftes en wetgewingsvereistes (erfenishulpbronbestuurskriteria) te voldoen:

- kultuurverband
- ruimte
- tyd
- beskrywing
- benutting van historiese kennis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- verklaring
- individualiteit
- materiële kultuur.

Die vyf gevallestudies sal hieraan gemeet word sodat daar bepaal kan word watter paradigma die beste daarin slaag om die oplossing van hierdie probleem aan te spreek.

## 2. DIE BRONKHORSTRUÏNE

### 2.1 Navorsingsbehoeftes

Die *kultuurverband* van hierdie terrein vorm 'n belangrike aspek ten opsigte van die navorsing daarvan. Hoewel dit nie self nagevors is nie en eintlik as 'n gegewe aanvaar is (die Pionierskultuur van Transvaal binne die Westerse kultuurkompleks - vergelyk ook p. 97 in hoofstuk 3), is dit 'n kardinale aspek waarvolgens die terrein verstaan en verklaar moet word. Gevolglik beteken dit dat hierdie aspek van belang was tydens die navorsing van die spesifieke gevallestudie.

Omdat die kultuurverband van die terrein bekend was, was dit nie nodig om die *ruimtelike aspek* daarvan na te vors nie. Dit was ook 'n gegewe en was van belang vir die verstaan van die terrein. Die terrein is voorts ook in terme van ruimte beskou deurdat die funksie van kulturele oorblyfsels en aktiwiteitsareas bepaal is. Die funksie van die ruïne as 'n huis en van die kookskerm is byvoorbeeld bepaal. Hierdie funksies impliseer sekere aktiwiteite soos dié van kosmaak in die kookskerm.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die *tydsbewustheid* is ook van belang. Dit is egter nie die breë historiese tydsbewustheid soos deur die Kultuurhistoriese paradigma vereis wat nagevors is nie, omdat dit nie nodig was om die terrein as deel van 'n kultuurkompleks te bepaal nie. 'n Spesifieke tydsbepaling is benut ten einde die terrein se belang ten opsigte van die geskiedenis van die navorsingsgebied te bepaal.

Met die navorsing in verband met die Bronkhorstruïne is daar klem geplaas op die *historiese kennis* en is daarvan gebruik gemaak om te bepaal of Lucas Bronkhorst wel die eerste inwoner in die Pretoria-omgewing was en of sy huis inderdaad die eerste struktuur was wat deur 'n blanke in die opgewing opgerig is. Dit toon dat daar geen plaasvervanger vir deeglike navorsing is ten einde die geskiedenis van 'n terrein uit die historiese tydperk te bepaal nie (Van Vollenhoven 1996:721). Op hierdie wyse is daar ook aan hierdie vereiste voldoen.

Die terrein waar die argeologiese verskynsels voorkom, is tydens die navorsingsproses beskryf. 'n *Beskrywing* is ook van die strukture en kulturele materiaal wat gevind is, gegee. Daar is dus ook aan die vereiste van beskrywing voldoen.

Die bepaling van aktiwiteitsareas en funksies vir sekere strukture en artefakte is deel van die *verklaring* van dit wat op 'n argeologiese terrein plaasgevind het. Ook die uiteindelike gevolgtrekkings in verband met die terrein en sy inwoners, bied verklarings wat van belang vir die navorsingsgebied is. Hieronder tel byvoorbeeld die verklaring van waarom LC Bronkhorst tot dusver as die eerste blanke inwoner van Pretoria gereken is en JGS Bronkhorst nie. Gevolglik is hierdie vereiste ook aangespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Materiële kultuur word deur iemand geskep met 'n spesifieke doel voor oë. Dit reflekteer en skep die samelewing deur die optrede van individue. Ten opsigte van die navorsing oor die Bronkhorstruïne is dit duidelik dat dit hier oor 'n spesifieke individu se materiële kultuurskepping (sy huis) gaan en dat dit 'n spesifieke bydrae tot en belang vir die samelewing het. Die bydrae van Bronkhorst en sy huis lê binne die omskepping van die Pretoria-omgewing tot 'n vestigingsarea vir die pioniers en hulle nageslag. Die belang daarvan lê op die terrein van die kultuurhistoriese betekenis wat dit vir Pretoria en sy geskiedenis het. Dit is in noue aansluiting met die gedagte van die inheemse kultuurerfenis. Deurdat daar na spesifieke persone verwys is, en die terrein pertinent aan LC Bronkhorst verbind is, is dit duidelik dat die vereiste van *individualiteit* ook aandag geniet het.

Die teenwoordigheid van *materiële kultuur* op 'n argeologiese terrein is 'n voorvereiste vir enige argeologiese navorsing. Dit gaan egter nie bloot net om 'n beskrywing van die materiële kultuuroorblyfsels nie, maar oor dit wat daaruit afgelei kan word. Materiële kultuur is nie noodwendig 'n direkte refleksie van menslike gedrag nie, maar 'n indirekte refleksie daarvan, omdat menslike idees en oortuigings ook 'n rol speel. Gevolglik is die konteks waarbinne 'n objek gevind word van groot belang, daar die betekenis daarvan deur sy konteks verskaf word. In die navorsing na die geskiedenis van die Bronkhorstruïne is daar na die historiese en argeologiese konteks daarvan gekyk, in 'n poging om die struktuur beter te verstaan. Op hierdie wyse kan dit moontlik tot sy ware betekenis kom. Die oorblyfsels van die huisie gee aanduidings van die betekenis daarvan. Foutiewe interpretasies (aannames) is hierdeur die nek ingeslaan.

Omdat die argeologiese rekord ook 'n "teks" is wat "gelees" kan word, moet die materiële kultuur sover moontlik hiervoor ingespan word. 'n Goeie voorbeeld is die abstrahering van die opening

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die oostelike muur van die ruïne, sodat daar bepaal kan word dat dit 'n drumpel is. Daar is dus ook aan hierdie vereiste voldoen.

Die volgende vereiste wat ter sprake is, is die *aanpassing by die omgewing.* Tydens die navorsing is geen verband tussen die omgewing en kultuurverandering aangetoon, ingevolge die Kultuurproses-paradigma se kultuurekologie nie. Aandag is wel gegee aan 'n beskrywing van die omgewing sodat die terrein en die verskynsels binne hierdie konteks verstaan kan word. Die aanduiding van die voor, waarmee water van die huis weggekeer is, is 'n voorbeeld van 'n aanpassing by die omgewing om beter vestigingstoestande moontlik te maak. Die gevolgtrekking is derhalwe dat daar aan hierdie vereiste voldoen is.

Geen *sosiale strukture* wat 'n invloed op kultuurverandering uitgeoefen het, soos deur die Strukturalisme vereis, is bestudeer nie. Dit is egter ‘n sekondêre vereiste en is dus nie noodsaaklik nie.

By die navorsing oor die Bronkhorstruïne is twee strukture wat deur die mens geskep is bestudeer, naamlik 'n woonhuis en 'n kookskerm. Die funksionele betekenis van die strukture is deur middel van historiese en argeologiese getuienis vasgestel. Omdat die huis 'n tipiese pionierswoning is, kan daar boonop aanvaar word dat dit 'n simbool van 'n spesifieke tyd met sy norme en waardes is. Hierdie *simboliese strukture* is van die argeologiese rekord afgelei, wat beteken dat daar wel aan hierdie vereiste voldoen is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste vereiste van die navorsingsbehoeftes is *ekonomiese/ideologiese strukture* as agent vir kultuurverandering. 'n Uitgangspunt van die Neo-Marxistiese paradigma is dat die ekonomiese basis van gemeenskappe en die invloed daarvan op die samelewing bestudeer word. By die

navorsing oor die Bronkhorstruïne gaan dit nie oor 'n gemeenskap nie, omdat dit die materiële nalatenskap van 'n individu bestudeer. Die ekonomiese basis van die terrein speel voorts geen rol in die interpretasie daarvan nie.

Die Strukturalistiese paradigma meen dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is. Die navorsing in verband met die Bronkhorstruïne spreek wel die ideologie aan, omdat dit bestaande sieninge rondom Lucas Bronkhorst en sy huis as foutief uitwys.

Alle sieninge (ideologie) word egter nie in alle gevalle verwerp nie en dit wat wel verwerp word, is slegs verwerp nadat dit deeglik nagevors is. Dit beteken dat 'n bepaalde ideologie nie goedsmoeds ondersteun word nie, maar dat besluite (wat ook op die ideologie reflekteer) eers geneem word na 'n poging tot objektiewe navorsing. Op hierdie wyse word moontlike subjektiewe beïnvloeding deur 'n ideologie verminder. Omdat die ideologie wel aangespreek word, het hierdie vereiste aandag geniet.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar aan al die primêre navorsingsvereistes voldoen is tydens die navorsing oor die Bronkhorstruïne, sowel as aan sommige van die sekondêre vereistes. Dit beteken dat daar aan die kriteria van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit voldoen is. Gevolglik is daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Deurdat daar aan die navorsingsvereistes voldoen is, is daar ook aan die vereistes soos gestel deur die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen. Dit is egter nodig dat daar spesifiek gekyk moet word of daar aan die kriteria vir erfenishulpbronbestuur voldoen word.

Die eerste kriteria is die *navorsingsvereistes*. Daar is reeds in punt 2.1 aangetoon dat daar hieraan voldoen is. Die regstel van die inligting op die kennisgewingborde op die terrein is egter noodsaaklik om reg hieraan te laat geskied. Deetz (1977:157) waarsku juis teen die foutiewe interpretasie wat dikwels in die interpretasie van museums en ander uitstallings aangetref word.

Die tweede kriteria is die *bestuursbehoeftes*. Namate dit die Bronkhorsthuis aangaan, is daar aanbevelings gemaak ten opsigte van die bestuur van die terrein deur die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria. Hieronder tel die bewaring en belandskapping van die terrein (Van Schalkwyk e.a. 1992:18). Dit beteken dat die bestuursbehoeftes aangespreek is.

Ook die *opvoedkundige behoeftes* het aandag geniet. Daar is aanbevelings gemaak oor die aanbring van kennisgewingborde en 'n uitstalling op die terrein (Van Schalkwyk e.a. 1992:18). Die uitvoer hiervan (vergelyk figuur 5.4 en 5.12) dui op die suksesvolle voldoening aan hierdie kriteria.

Die Stadsraad van Pretoria het die behoefte van die gemeenskap wat hy bedien, raakgesien om 'n deel van sy erfenis te bewaar. Deurdat daar navorsing oor die terrein gedoen is en die aanbevelings wat hieruit gespruit het uitgevoer is, is daar aan die *gemeenskapsbehoeftes* voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die insluiting van die terrein by die ontwikkeling van die Fonteinedal as toerisme-aantreklikheid, dra ook hiertoe by.

In 1992 (toe die navorsing uitgevoer is) het wetgewing bepaal dat alle voorwerpe, terreine, strukture en grafte ouer as 50 jaar bewaar en beskerm moet word. Nuwe wetgewing bepaal dat sodanige kultuurhulpbronne ouer as 60 jaar moet wees om beskerming te geniet (Van Vollenhoven 1998a:39). Omdat die Bronkhorsthuis ouer as 100 jaar is, geniet dit hierdie beskerming. Die bewaring en beskerming van die terrein deur die Stadsraad van Pretoria beteken dat daar aan *die wetgewingsvereistes* aandag gegee is.

Dit is duidelik dat daar met die navorsing oor die Bronkhorstruïne aan al die kriteria vir erfenishulpbronbestuur voldoen is. Gevolglik is daar ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 3. DIE KERKSTRAAT-WATERVOOR

### 3.1 Navorsingsbehoeftes

Die eerste navorsingsvereiste is *kultuurverband.* Die argeologiese rekord word in terme van kulture geïnterpreteer. Die Kerkstraat-watervoor is 'n industriële terrein waarvan die kultuurverband nie nagevors is nie. Dit kan wel gestel word dat dit deel van die Westerse kultuur vorm omdat dit 'n diens aan alle taalgroepe in die vroeë jare van Pretoria gelewer het. Omdat dit ‘n gegewe is, is dit nie nagevors nie. Dit is egter nie belangrik in die interpretasie van die terrein nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gevolglik is daar ook nie sprake van die terugbepaling van 'n kultuurkompleks nie, asook nie van die verbintenisse tussen kulture nie. Daar sou wel so ver gegaan kon word om die boumetodes van die watervoor te verbind met boumetodes in die Kaap of in Europa. Dit sou egter nie werklik 'n bydrae lewer tot die verklaring van die terrein nie. Omdat die kultuurverband wel bekend is, beteken dit dat hierdie vereiste wel in ag geneem is.

Die *tyd- en ruimtebewustheid* van die Kultuurhistoriese paradigma hou verband met die bostaande, maar is nie nagevors nie omdat dit, breedweg gesien, bekend was. Daar is wel na die spesifieke ruimtelike plasing van die voor en die verband daarvan met ander watervore en tydgenootlike verskynsels gekyk. Die ruimtelike plasing van die watervoor, naamlik aan watter kant van die straat dit is en in watter rigting dit val, is in hierdie studie bestudeer. Een van die belangrikste oogmerke met die watervoor-navorsing was om die funksie daarvan vas te stel. Die bevinding was dat dit 'n stormwatervoor is. Gevolglik is hierdie vereiste aangespreek.

In aansluiting hierby is historiese inligting nagevors ten einde die voor te dateer tot die tydperk 1892-1898. Deur die artefakte (glasbottels ensovoorts) te dateer, is die onmiddelike historiese konteks benut. Die navorsing ten einde die voor te dateer beteken dat daar ook aan die vereiste van *tyd* en die *benutting van historiese kennis* voldoen is.

Die watervoor is volledig *beskryf* en gedokumenteer. Ook die kulturele materiaal is beskryf. Hierdie vereiste het gevolglik ook aandag geniet.

In die navorsing oor die watervoor in Kerkstraat is daar moeite gedoen om die funksie daarvan vas te stel. Die finale *verklaring* was dat die voor noodsaaklik was om 'n belangrike taak te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vervul, naamlik die afvoer van stormwater. 'n Vergelyking van die verskille tussen dit wat in opgrawing 1 en dit wat in opgrawing 2 gevind is, het bygedra om 'n volledige rekonstruksie van die watervoor te maak. Deur van historiese kennis gebruik te maak, kon verskille tussen dit wat verwag is en die werklikheid (die argeologiese rekord) uitgewys en probeer verklaar word. Dit het ook daartoe bygedra om die moontlike funksie van die watervoor vas te stel en om sodoende die terrein beter te kon *verklaar*.

Die ontwerp van die watervoor deur 'n individu en die bou daarvan deur 'n individuele instansie (die ZAR-regering), was die wyse waarop daar aan die gemeenskap van vroeë Pretoria se behoeftes voldoen is. Sytze Wierda kan as die moontlike skepper van die voor gesien word, maar selfs al is dit onseker, was 'n spesifieke individuele instansie, naamlik die ZAR-regering vir die oprig van die watervore verantwoordelik. Gevolglik word daar ook aan die vereiste van *individualiteit* voldoen.

Een van die navorsingsvereistes is die belang van *materiële kultuur*. Alvorens 'n objek verstaan kan word, moet die totale konteks daarvan in ag geneem word. Die argeologiese en historiese inligting in verband met die watervoor is nagevors. Die bestudering van die argeologiese rekord beteken dat hierdie vereiste ook aangespreek is.

Die uitgrawe van watervore is gewis die gevolg van die *aanpassing van die mens by sy omgewing*. Die bou van stormwatervore kan selfs beskou word as die aanpassing van die mens by sy eie kulturele omgewing, omdat dit 'n probleem wat deur die mensgemaakte omgewing geskep is (naamlik die opdam van reënwater), moes oplos. Dit is dus duidelik dat hierdie vereiste ook nagekom is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Volgende vereiste is die invloed van *sosiale strukture* op kultuurverandering. Die navorsing oor die Kerkstraat-watervoor het geensins sosiale verhoudinge aangespreek nie.

Menslike kultuur word ook as *simboliese strukture* wat skeppinge van die menslike gees is gesien. Hierdie simboliese strukture word van die argeologiese rekord afgelei. Dit is reeds in hoofstuk 3 (punt 6.7) uitgewys dat daar geen simboliese waarde van die watervoor afgelei kan word nie. Die watervoor kan egter beskou word as 'n simbool van die norme van die gemeenskap (in hierdie geval die strewe na higiëniese toestande). Hoewel dit gering is, beteken dit dat hierdie vereiste ook aandag geniet het.

Die laaste navorsingsvereiste is dat *ekonomiese/ideologiese strukture* tot kultuurverandering lei. Tydens die navorsing oor die Kerkstraat-watervoor is ekonomiese aspekte nie spesifiek aangespreek nie. As daar na die konstruksie van die voor gekyk word en na die omvang van soortgelyke konstruksiewerk in Pretoria, soos uit argivale bronne blyk, is dit duidelik dat ekonomiese faktore 'n rol in die bou van die voor moes gespeel het. Hoewel geen ideologiese struktuur bestudeer is nie, beteken dit steeds dat daar ook aan hierdie vereiste voldoen is.

Gevolglik is daar aan al die primêre en drie van die vier sekondêre navorsingsvereistes voldoen. Dit beteken dat daar aan die navorsingskriteria en sodoende ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Punt 3.1 gee 'n duidelike uiteensetting van hoe daar aan die *navorsingsbehoeftes*, wat ook die eerste van die erfenishulpbronbestuursbehoeftes is, voldoen is. Die inligting op die bronsplaat by die terrein moet egter reggestel word om te verseker dat hierdie behoefte tot sy reg kom.

Die tweede behoefte ten opsigte van erfenishulpbronbestuur is die *bestuursbehoeftes*, wat wel in die verslag oor die terrein aangespreek is. Aanbeveling wat in verband met die bewaring gemaak is, het die beskerming van ontblote reste en die verseëling van ondergrondse reste ingesluit (Van Schalkwyk e.a. 1994b:25-28).

Die verslag het ook aandag aan die *opvoedkundige behoeftes* gegee. Dit het die omskepping van 'n gedeelte van die voor in 'n opelug-uitstalling, die restourasie van die voor en die oprig van 'n inligtingspaneel ingesluit (Van Schalkwyk e.a. 1994b:25-27).

Daar is ook aan die *gemeenskapsbehoeftes*, naamlik om 'n deel van hulle erfenis te bewaar, voldoen. Op hierdie wyse is die inheemse kultuurerfenis op ‘n besondere wyse ontwikkel. Die opdrag deur die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria, om die terrein na te vors en aanbevelings oor die benutting daarvan te maak, dien as bewys hiervan. Die insluiting van die voor as deel van die Kerkstraat-wandellaan voldoen by uitstek aan hierdie behoefte. Op hierdie wyse is moderne ontwikkelinge in die stadskern van Pretoria en die kultuurerfenis as't ware met mekaar versoen. Die belang van die voor vir die huidige samelewing en die aanwending daarvan tot voordeel van die stad sy inwoners, vorm 'n belangrike komponent hiervan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos uitgewys onder punt 2.2 van hierdie hoofstuk, moet 'n erfenishulpbron 50 of 60 jaar oud wees om deur die wet beskerm te word, afhangende daarvan of die ou of nuwe wetgewing benut word[1] (die nuwe wet - **Wet op Nasionale Erfenishulpbronne** - het op 1 April 2000 in werking getree) (persoonlike mededeling: F Erasmus). Die watervoor is ouer as 100 jaar en geniet dus beskerming ingevolge beide wette. Daar is dus ook aan *wetgewingsvereistes* voldoen.

Dit beteken dat al die erfenishulpbronkriteria nagekom is. Op hierdie wyse is daar aan erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 4. MELROSEHUIS SE VOETPAADJIES

### 4.1 Navorsingsbehoeftes

Die *kultuurverband* by die Melrosehuis-navorsing is nie van belang ten opsigte van die oplossing van die probleem nie, omdat dit bekend is vanuit die historiese agtergrond, naamlik dat die huis aan 'n Engelssprekende sakeman behoort het. Dit maak dus deel uit van die Westerse kultuur. Hierdie inligting is wel belangrik ten opsigte van die interpretasie van die terrein. Die vereiste van kultuurverband is dus tydens die navorsing benut. Dit is egter ook van belang dat die terrein vir die Afrikanergemeenskap (soos gedefinieer in hoofstuk 3) 'n besonderse betekenis het, omrede die Vrede van Vereeniging na afloop van die Anglo-Boereoorlog hier onderten is. Gevolglik word 'n wyer kultuurverband wat sterk individualiserend is, hier aangespreek en kry die inheemse kulturele erfenis vanweë hierdie kulturele belang aandag.

---

[1]Daar word telkemale ook na die ou wetgewing, Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet no 68 van 1969) verwys, omdat die navorsing gedoen is toe dié wet nog geldig was. Dit is intussen deur nuwe wetgewing, Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999) vervang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die vereiste van *ruimte* betref kan dit gestel word dat hierdie aspekte verband hou met die koppeling van kulture en die datering daarvan. Hierdie aspekte het geen rol in die Melrosehuis-navorsing gespeel het nie. Die vereiste van ruimte behels egter ook dat die funksie van kulturele oorblyfsels bepaal moet word en dat aktiwiteite en aktiwiteitsareas gerekonstrueer moet word. Die belangrikste doelwit met die navorsing was om die ruimtelike plasing van die voetpaadjies vas te stel. Die funksie van die paadjies, naamlik voetpaadjies, was vooraf bekend, maar moes argeologies bevestig word. Die aktiwiteitsarea is die voetpaadjies en die aktiwiteit dat dit vir wandelinge in die tuin gebruik is. Gevolglik is daar ook aan hierdie vereiste voldoen.

*Tyd* is die volgende vereiste wat aangespreek moet word. Die tydperk waarvan daar in die navorsing sprake was, is 1895-1905 en was 'n gegewe. Hoewel dit nie nagevors is nie, is dit 'n belangrike aspek van die navorsing omdat die voetpaadjies binne die konteks van hierdie periode geïnterpreteer en verklaar moes word. Dit beteken dat hierdie vereiste wel aandag geniet het.

In aansluiting hierby is agtergrondskennis oor die huis, sowel as oor die uitleg van die tuin en die plasing van voetpaadjies bestudeer. Die historiese konteks het aangetoon dat die tipies Victoriaans-Edwardiaanse tuinuitleg vanuit Brittanje na Suid-Afrika en tot in Pretoria oorgedra is (diffusie) en dat die gebruik hiervan (byvoorbeeld die voetpaadjies) in die nuwe kulturele konteks beïnvloed is deur die vorige kulturele konteks daarvan. Sonder hierdie historiese kennis sou dit nie moontlik gewees het om voorspellings te maak ten opsigte van waar die voetpaadjies gevind sou word nie. Die *aanwending van historiese kennis*, naamlik historiese foto's, die terreinkaart en analogiese gevalle, het bygedra tot hierdie interpretasie. Die vereiste om historiese kennis te benut, was derhalwe toepaslik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vereiste van *beskrywing* is aangespreek deurdat die terrein, die verskynsels en die kulturele materiaal beskryf is. Dit het gelei tot die *verklaring* en voorspelling van waar voetpaadjies gevind sou word. Bepaalde ooreenkomste en verskille is in die argeologiese rekord geïdentifiseer en dan in kontekstuele assosiasies omskep. Ooreenkomste in die oorblyfsels wat van die tuinpaadjies gevind is en die bestaande paadjies in die tuin van Melrosehuis, is geïdentifiseer en het derhalwe bygedra tot die positiewe identifisering van die posisie en samestelling van die voetpaadjies. Daar is dus ook aan die vereiste van *verklaring* voldoen.

Die vereiste van *individualiteit* verwys daarna dat daar iemand moet wees wat materiële kultuur skep. Dit is bekend dat die Heys-familie 'n vooraanstaande Skotse familie in Pretoria was; derhalwe sou hulle deel van die sosiale aktiwiteite in die hoofstad gewees het. Hieruit vloei dit voort dat hulle huis en tuin hierdie status moes toon. Die Heys-familie het onder andere die voetpaadjies in die tuin van Melrosehuis geskep en hoewel dit op sigself nie so belangrik is nie, is dit wel belangrik dat hierdie paadjies daartoe bydra om op 'n passiewe wyse die samelewing van daardie tyd te reflekteer en dit selfs te skep deur die optrede van hierdie individue. Die belang van die terrein vanweë die ondertekening van die Vrede van Vereeniging (sien p. 524) sluit hierby aan. Derhalwe is dit duidelik dat hierdie vereiste ook toepaslik was.

Terselfdertyd beteken dit dat die *materiële kultuur* wat deur hierdie persone geskep is, bestudeer is. Sodoende kry hierdie vereiste ook aandag. Hierdie materiële kultuur het 'n bepaalde simboliese dimensie. Die voorkoms van voetpaadjies in die tuin van Melrosehuis is 'n indirekte uitvloeisel van hierdie simboliese dimensie. Dit is eie aan Victoriaans-Edwardiaanse tuinuitlegte om voetpaadjies aan te lê, sodat die tuin ten volle deur die mense benut, geniet en gewaardeer kan word (Barret & Phillips 1988:170-172). Dit strook voorts met die tydsgees omdat dit in ooreenstemming met die aanvaarde sosiale norme van onder andere status in die tyd, nie net in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrika nie, maar ook in Brittanje was. Verder is dit ook tekenend van die mens se estetiese uitinge, iets wat inherent deel van die mens is. In die lig hiervan was dit onder meer moontlik om, soos reeds genoem, vooraf voorspellings oor die posisie van sommige voetpaadjies te maak en oor die moontlikheid dat die twee gedeeltes van die voortuin spieëlbeelde van mekaar sou wees - aannames wat deur middel van die opgrawing van veral die voortuin as korrek bewys is.

Die simboliese waarde wat by die Melrosehuis-navorsing van die argeologiese rekord afgelei word, sluit hierby aan. Die eendersheid in die ontwerp van die twee gedeeltes van die voortuin is hier ter sprake. Hierdie simmetrie is ook simbolies van die magsvertoon van die Britse imperialisme, wat sy beheer ook op hierdie wyse wou uitbeeld. Boonop was die huis die Britse hoofkwartier tydens die oorlog. Dit kan as deel van die simboliese magsvertoon beskou word dat die Boereleiers juis hier hulle vryheid moes verloor. In hierdie mate is daar dan ook aan die vereiste van *simbolisme* voldoen. Hierdie tipe formele tuinuitlegte is 'n algemene verskynsel wêreldwyd en hou verband met die verhouding tussen perspektief en kontrole (Hodder 1995:161).

Die simbolisme is boonop tekenend van die sosiale norme van die Victoriaans-Edwardiaanse tyd. Gevolglik vind ons die voldoening aan die vereiste van *sosiale strukture* ineengevleg met die vereistes van simbolisme, verklaring en historise kennis.

Die vereiste van *aanpassing by die omgewing* word bereik deurdat 'n tuinuitleg gesien kan word as 'n aanpassing by en van die omgewing om dit meer aangenaam en leefbaar vir die bewoners te maak. In aansluiting by die voorafgaande sluit dit aanpassing by die sosiale omgewing in, sodat daar nie van tydgenootlike norme afgewyk word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste vereiste is dié van *ekonomiese/ideologiese strukture* en die rol daarvan ten opsigte van kultuurverandering. Die simboliese magsvertoon hierbo vermeld, en die ekonomiese vermoë om dit uit te voer, is 'n voorbeeld hiervan.

Omdat hierdie vereiste ook aangespreek word, beteken dit dat daar aan al die primêre en sekondêre navorsingskriteria voldoen is. Gevolglik is daar ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

## 4.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Die voorafgaande (punt 4.1) dui daarop dat daar tydens die navorsing oor die voetpaadjies by Melrosehuis aan die *navorsingsbehoeftes* voldoen is. Hierdie navorsing word dan ook benut in die interpretasie van die terrein vir besoekers.

Die tweede erfenishulpbronbestuursbehoefte, naamlik *bestuursbehoeftes*, is aangespreek deurdat die paadjies gerekonstrueer is en as deel van die Melrosehuis Museum bestuur word. Die rekonstruksie van die voetpaadjies (Van Vollenhoven 1994a:24) en die insluiting daarvan in 'n besoekersrondleiding van die huis en tuin, beteken dat daar ook aan die *opvoedkundige behoeftes* voldoen is. Die Melrosehuis Museum, wat die voetpaadjies insluit, word deur die Stadsraad van Pretoria as erfenis vir die nageslag bestuur. Deurlopende navorsing en restourasie, waaronder die navorsing oor die voetpaadjies tel, beteken dat die *gemeenskapsbehoeftes* aangespreek word. Dit voldoen ook aan die behoeftes van die Stadsraad, wat 'n deel van die gemeenskap is, om 'n beter produk vir besoekers daar te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laastens is daar ook aan *wetgewingsvereistes* voldoen omdat die terrein, wat ongeveer 100 jaar oud is, bewaar en benut word. Vanweë hierdie ouderdom het dit beskerming onder die ou wet geniet en word dit ook onder die nuwe wet beskerm.

Die gevolgtrekking is derhalwe dat die kriteria vir die erfenishulpbronbehoeftes nagekom is. Sodoende is daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 5. DIE 1913-HUIS BY DIE WILLEM PRINSLOO LANDBOUMUSEUM

### 5.1 Navorsingsbehoeftes

Net soos in die vorige gevalle was dit nie nodig om die kultuurverband van die 1913-huis na te vors nie, aangesien dit algemene kennis is dat blanke boere in die Transvaal deel van die Westerse *kultuurverband* uitmaak. Laasgenoemde is egter van belang omdat die terrein, strukture en kulturele materiaal daarvolgens begryp en verklaar moet word. Gevolglik is hierdie vereiste van toepassing.

Die vereiste van *ruimte* verwys onder andere na die geografiese verspreiding en ouderdom van kulture. In hierdie opsig het die navorsing nie 'n ruimtebewustheid gehad nie. Ruimtebewustheid het egter ook te doen met die bepaling van die funksie van kulturele oorblyfsels. Hierdie taak is deur middel van die historiese navorsing gedoen en is in sommige gevalle argeologies bevestig. Aandag is ook gegee aan die vasstelling van aktiwiteite en aktiwiteitsareas. Tydens die 1913-huis navorsing, is laasgenoemde inligting op 'n kaart geplaas. Dit beteken dat hierdie vereiste aangespreek is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die *tydsbesef* in argeologie het daarmee te make om breë chronologiese verbande te bepaal waarvolgens kultuurkomplekse bepaal kan word. Met die 1913-huis navorsing is daar nie gepoog om die terrein as deel van 'n kultuurkompleks te bepaal nie, omdat die datum van die huis bekend is. Die historiese navorsing het wel die geskiedenis van die huis vasgestel, sodat dit benut kon word in die interpretasie daarvan en van die kulturele materiaal wat op die terrein gevind is. Op hierdie wyse is daar dus ook aan hierdie vereiste voldoen.

*Historiese kennis* vervul 'n belangrike rol in kultuurhistoriese navorsing. Dit is ook in die historiese argeologie van belang. Die historiese agtergrond in verband met die 1913-huis is deur middel van foto's en mondelinge getuienis verkry en is 'n voorbeeld van die aanwending van historiese kennis binne die historiese argeologie.

Dit is ook gedoen deurdat kulturele materiaal wat gevind is, nagevors is deur dit onder andere aan mnr BJJ Prinsloo te wys om vas te stel hoeveel hy daarvan kon onthou. Mnr Prinsloo was feitlik die hele tyd teenwoordig tydens die opgrawings, wat beteken dat die historiese konteks deurgaans nagevors is. Omdat mnr Prinsloo se getuienis telkemale oorwegend korrek geblyk het, kan daar aanvaar word dat hierdie vereiste suksesvol tydens die navorsing aangewend is.

'n Volledige *beskrywing* van die terrein, opgrawings en artefakte wat pertinent met die Prinsloofamilie verbind kon word, is gegee. Die beskrywing het bygedra tot die *verklaring* van die terrein. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is dat baie van die porseleinskerwe wat by die 1913-huis opgegrawe is, net positief met die Prinsloos verbind kon word omdat voorbeelde van soortgelyke porselein deur Prinsloo-nasate geëien is. Ook skerwe wat ooreengestem het met volledige museumstukke wat vroeër deur die Prinsloos aan die museum geskenk is, is op hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wyse verklaar. Die historiese konteks het derhalwe die argeoloog gehelp om te bepaal watter opgegraafde porseleinartefakte positief met die familie verbind kan word. Dit beklemtoon die feit dat 'n artefak se volledige (historiese- en argeologiese) konteks in ag geneem moet word alvorens 'n finale bevinding daaroor gemaak kan word.

'n Verdere voorbeeld is die voorkoms van 'n verskil in grondkleur, wat byvoorbeeld verklaar is as die gekompakteerde vloer van die bad- en strykkamer. As gevolg van die ooreenkoms in grondkleur kon meer hiervan blootgelê word. Deur dit te abstraheer kon dit ook funksioneel positief geïdentifiseer word as die oorblyfsels van 'n gekompakteerde vloer. Weer eens het historiese kennis 'n rol in die interpretasie hiervan gespeel. Op hierdie wyse is die vereistes van *beskrywing* en *verklaring* dus nagekom.

Bogenoemde voorbeelde stem ooreen met die gedagte van Foucault (1972:140, 144, 206) dat verklaring reeds by beskrywing begin. Basiese beskrywing dien as eerste analise om vergelyking moontlik te maak en verhoudinge daar te stel (Foucault 1972:151, 157, 162-163).

'n Verdere vereiste is *individualiteit*. Dit kom daarop neer dat materiële kultuur nie maar net bestaan nie, maar dat dit deur iemand gemaak word. Dit word met 'n spesifieke doel voor oë geskep. In hierdie geval weet ons dat dit spesifiek die Prinsloofamilie is wat die 1913-huis en buitegeboue geskep het, met die doel dat dit 'n woonhuis en plaaswerf moes wees met 'n verskeidenheid van plaasfunksies. Omdat die 1913-huis en -werf tipies van daardie tydperk is, reflekteer dit die samelewing. Dit skep egter ook die samelewing deur die optrede van individue (die Prinsloos). Hoewel dit op sigself nie so belangrik is dat ons weet dat dit die Prinsloos is wat hierdie dinge tot stand gebring het nie, is dit tog belangrik dat 'n individuele gesin iets tot stand

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebring het wat nie net tekenend van 'n sekere tydperk is nie, maar ook skeppend daartoe bydra. Dit beteken dat daar nie net aan die vereiste van individualiteit voldoen word nie, maar ook aan dié van *sosiale strukture* as agent vir kultuurverandering. Verder moet onthou word dat die boerderygemeenskap die belangrikste uiting van Afrikanerkultuur gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu was. Derhalwe sluit individualiteit ook hierdie inheemse kulturele nalatenskap in.

Die vereiste van *simbolisme* is nie tydens hierdie navorsing benut nie. Dit is egter 'n sekondêre vereiste en gevolglik nie noodsaaklik nie.

Uit die voorafgaande is dit verder duidelik dat daar aan die vereiste van *materiële kultuur* voldoen is. Hierdie materiële kultuur (die 1913-huis en sy buitegeboue) is binne 'n bepaalde omgewing deur die mens geskep. Die *invloed van die omgewing* daarop word onder andere gesien in die gebruik van materiaal uit die omgewing, byvoorbeeld die populierstokke vir die mure en gras vir die dak van die somershuisie. Die populierstokke dui selfs op die aanpassing van die mens by 'n omgewing deur homself geskep, aangesien die populier 'n uitheemse boom is. Gevolglik is daar ook aan die vereiste van aanpassing by die omgewing voldoen.

Die laaste vereiste waaraan die 1913-huis navorsing moet voldoen is die benutting van *ekonomiese/ideologiese strukture* as katalisator vir kultuurverandring. Ons weet byvoorbeeld dat die Prinsloos 'n gesiene familie in die omgewing was en veral sedert die twintigerjare taamlik welgesteld was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Om by hierdie status te pas, is veranderinge aan die 1913-huis aangebring en is die 1928-huis, wat heelwat groter was, gebou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hieruit is dit duidelik dat ekonomiese faktore 'n rol in die verandering van die materiële oorblyfsels gespeel het.

Dit beteken dat al die primêre vereistes soos deur die navorsingsbehoeftes daargestel, tydens die navorsing oor die 1913-huis belangrik was. Drie van die sekondêre vereistes is ook benut. Voorts beteken dit dat daar aan die navorsingskriteria en so ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

## 5.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Die voorafgaande afdeling het getoon dat daar aan die *navorsingsbehoeftes* voldoen is. Hierdie navorsing is benut in die rekonstruksie van die terrein en die aanbieding van inligting aan die besoekers.

Die tweede erfenishulpbronbestuursbehoefte wat aangespreek moet word is dié van *bestuur*. Die 1913-huis is sedert die navorsing gedoen is, gerestoureer en dit word as een van die huismuseums op die plaas Kaalfontein bestuur (vergelyk Basson e.a. 1994). Die bestuur daarvan sluit verdere navorsing (vegelyk Van Vollenhoven 1993b:77 en Van Vollenhoven e.a. 1997), instandhouding en hantering van besoekers aan die terrein in. Dit is duidelik dat hierdie vereiste nagekom word.

Die hantering van besoekers aan die 1913-huis beteken dat daar ook aan die *opvoedkundige behoeftes* voldoen word. Inligting wat oor die terrein verskaf word, dra ook hiertoe by. Die huis is nie net gerestoureer nie, maar ook volgens die tydperk 1924-1927 ingerig. Hierdeur bly 'n tipiese erfenis uit die eerste helfte van die twintigste eeu vir die nageslag bewaar, wat beteken dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *gemeenskapsbehoeftes* ook aandag geniet. Die bewaring van die terrein dien terselfdertyd as 'n nakoming van *wetgewingsvereistes* omdat die terrein, wat ouer as 60 jaar is, wetlike beskerming onder die ou wet geniet het en ook onder die nuwe wet geniet.

Die slotsom waartoe gekom word is dus dat daar ook met die navorsing in verband met die 1913-huis aan die kriteria vir erfenishulpbronbestuur en sodoende die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen word.

## 6. DIE EDWARDIAANSE HUIS BY DIE PIONIER MUSEUM

### 6.1 Navorsingsbehoeftes

Net soos by die navorsing oor die 1913-huis, is die kultuurhistoriese verband van die Edwardiaanse huis nie nagevors nie, omdat die Westerse *kultuurverband* van die terrein bekend is. Dit beteken egter nie dat hierdie aangeleentheid nie belangrik was nie. Inteendeel, dit vorm die agtergrond waarbinne die terrein verstaan en verklaar is, omdat dit hier oor 'n tipiese woning uit 'n spesifieke fase van die land se boererygemeenskap gaan. Hierdie gedagte sluit ook aan by die kulturele belang van inheemse erfenisse.

Namate die terrein binne 'n bepaalde tydperk geplaas word, is die vereiste van *tyd* ook aangespreek. Die datering van die kulturele materiaal, sodat dit aan die terrein gekoppel kon word, sluit hierby aan.

Voorts is die ruimtelike plasing van die Edwardiaanse huis ten opsigte van die eendedam en ander strukture op die plaaswerf bestudeer. Die verband tussen die ouer (oorspronklike) en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nuwer (aangeboude) gedeeltes van die Edwardiaanse huis het ook aandag geniet, sodat daar gesê kan word dat hierdie uitgangspunt wel toepaslik was. Boonop is aktiwiteite en aktiwiteitsareas vasgestel. Die funksie van die struktuur wat opgegrawe is, is deur middel van historiese navorsing vasgestel en is argeologies geverifieër. Ook die funksie van artefakte is vasgestel en daarvolgens is aktiwiteitsareas soos onder andere die kombuis en stoep bepaal. Daar kan dus gesê word dat die vereiste van *ruimte* wel toegepas is.

Tydens die navorsingsproses is daar ook van *historiese kennis* gebruik gemaak. 'n Verskeidenheid historiese bronne, naamlik geskrifte, foto's, kaarte en mondelinge getuienis is benut. Insig word verder ook in kulturele betekenisse verkry deur die onmiddellike historiese konteks daarvan na te vors. Tydens die navorsing oor die Edwardiaanse huis is daar van informante gebruik gemaak om die posisie van die huis vas te stel en om sekere kenmerke daarvan te bevestig, na aanleiding van dit wat in die opgrawings gevind is. So het die informante bevestig dat die huis se dak rooi geverf was, nadat dakskroewe en -wassers met tekens van rooi verf daarop in die opgrawings gevind is. Hierdie aspek is dus tydens die navorsing aangespreek.

Die vereiste van *beskrywing* was ook benut tydens die navorsing. Die terrein, opgrawings en artefakte wat gevind is, is deeglik beskryf. Die beskrywing was ook die eerste stap in die *verklaring* van die terrein. 'n Voorbeeld hiervan was die vind van ooreenkomste en verskille in die argeologiese rekord. Die baksteenmuur, wat op 'n later fase van die huis dui, is 'n voorbeeld van so 'n verskil. Die beskrywing van sommige van die kulturele materiaal het weer tot verklarings oor die herkoms en benutting daarvan deur die inwoners van die Edwardiaanse huis gelei. So byvoorbeeld het die ouderdomsverskil en vindplekverband van sekere keramiekskerwe as aanduiding gedien van watter gedeeltes van die huis oorspronklik en watter latere aanbouings

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was. Die vind van die pitte van vrugte op die terrein word weer verklaar aan die hand van die vrugteboerdery op die plaas. Dit beteken dat daar aan die vereiste van verklaring voldoen is.

Omdat materiële kultuur deur iemand gemaak word, is dit soms moontlik, veral in die historiese argeologie, om uit te vind watter individu hiervoor verantwoordelik was. In hierdie geval weet ons dat die Edwardiaanse huis deur Ernst Wilhelm Mundt opgerig is. Op hierdie wyse het sy individuele bydrae tot die skep van die samelewing gelei, omdat die huis in 'n spesifieke styl wat kenmerkend van sy tyd was, gebou is. Net so is die plaaswerf van die Mundts deur 'n individuele gesin geskep en dra dit by tot die skep van 'n idee oor die tydperk waaruit dit dateer (laat negentiede tot vroeg twintigste eeu). Uit die bostaande is dit duidelik dat ook die vereiste van *individualiteit* in hierdie geval toepaslik was.

In aansluiting hierby kan dit gestel word dat die vereistes van *sosiale strukture* en *aanpassing by die omgewing* ook van toepassing was. Die bou van 'n huis in 'n spesifieke argitektoniese styl dui op 'n verband met 'n spesifieke sosiale stelsel. 'n Argeologiese terrein word boonop altyd binne sy omgewing bestudeer, al is dit 'n kultuuromgewing wat, soos in hierdie geval, deur die mens self geskep is.

*Simbolisme* het daarmee te doen dat menslike kultuur as simboliese strukture wat skeppings van die menslike gees is, gesien word. Omdat dit waar is dat kultuur sy oorsprong in die denke van die mens het, is dit baie moeilik om enige simboliese struktuur daarvan af te lei. Hierdie vereiste was derhalwe nie toepaslik tydens hierdie navorsing nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is ook voldoen aan die vereiste van *materiële kultuur*. Laasgenoemde kan as 'n indirekte refleksie van menslike gedrag gesien word. Dit beteken dat daar 'n spesifieke betekenis aan materiële kultuur toegeken kan word. Hierdie betekenis word van die totale konteks van 'n voorwerp afgelei, dit wil sê sy omgewing, sosiale stelsel ensovoorts. 'n Enkele voorbeeld uit die navorsing in verband met die Edwardiaanse huis dien as voorbeeld. Gebrande appelkoos- en perskepitte is by die opgrawing van die eendedam en Edwardiaanse huis gevind. Uit die historiese inligting weet ons dat Hans Mundt onder andere met appelkose en perskes geboer het. Dit is die historiese konteks van die gevonde materiaal. Die materiaal is nie op die oppervlakte opgetel nie wat, indien dit die geval was, daarop sou kon dui dat dit resente voorwerpe is. Die appelkoospitte is in laag 1 en die perskepit in laag 2 van hulle onderskeie opgrawings gevind, dit wil sê 'n ent onderkant die grondoppervlakte. Dit vorm dus gewis deel van die stratigrafie van die terrein. Dit is die stratigrafiese konteks en bewys dat die voorwerpe met die huis verbind kan word. Die totale konteks van die voorwerpe is dus nagegaan alvorens dit betekenis gekry het ten opsigte van die terrein.

Ook die vereiste van *ekonomiese/ideologiese strukture* as oorsaak van kultuurverandering is benut. Daar kan wel nie sover gegaan word as om te beweer dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is nie. Aspekte van die ekonomiese bestaanswyse van die inwoners van die Edwardiaanse huis het tydens die navorsing aandag geniet, hoewel dit nie in diepte bestudeer is nie. Hieronder tel onder andere die interpretasie van been, tand en ander organiese materiaal. Nietemin is dit 'n genoegsame bewys van die nakoming van hierdie vereiste.

Die finale gevolgtrekking is dus dat daar tydens die navorsing oor die Edwardiaanse huis by Pionier Museum aan al die primêre navorsingsvereistes voldoen is, terwyl sommige van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekondêre vereistes ook aangespreek is. Dit beteken dat die navorsingskriteria nagekom is. Derhalwe is daar ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

## 6.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Die eerste erfenishulpbronbestuursbehoefte waaraan aandag gegee moet word, is die navorsingsbehoeftes. Onder punt 6.1 is dit duidelik gestel dat daar aan die *navorsingsbehoeftes* voldoen is.

Deurdat die Pionier Museum deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum bestuur word, word daar ook aan die *bestuursbehoeftes* voldoen. Dit sluit nie net die bestuur van die terrein in nie, maar ook die bestuur van die aanbieding van inligting in verband daarmee aan museumbesoekers.

Die bestuur van die terrein sluit die argeologiese reste van die Edwardiaanse huis in. Hieronder tel die bewaring daarvan sodat dit as kultuurerfenis behoue bly. Op hierdie wyse word die behoeftes van die *gemeenskap* aangespreek. Die gemeenskapsbehoeftes strek egter veel verder. Dit sluit ook die instandhouding en beskikbaarstelling van die terrein, om deur die gemeenskap benut te word, in.

In aansluiting hierby word die argeologiese reste as deel van die opvoedkundige programme by die museum aan besoekers, veral laerskoolleerlinge aangebied (Van Vollenhoven 1998b:1). Op hierdie wyse word daar aan die *opvoedkundige behoeftes* voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste behoefte wat aandag geniet, is die *wetgewingsvereistes*. Omdat die argeologiese verskynsels ouer as 60 jaar is, word daar deur die ou en die nuwe wet vereis dat dit bewaar moet word. Die bewaring, instandhouding en benutting daarvan deur die Museum en die gemeenskap wat daardeur bedien word, toon dat hierdie vereiste nagekom is.

Die gevolgtrekking is dat daar aan al die erfenishulpbronbestuurskriteria aandag gegee is en dat daar dus aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen word. Punt 2-6 word in tabel 10.1 en 10.2 saamgevat.

## 7. SAMEVATTING

Tabel 3.4 en 3.5 in hoofstuk 3 het duidelik getoon dat die Kontekstule paradigma die mees aanvaarbare raamwerk vir histories-argeologiese navorsing sowel as vir erfenishulpbronbestuur bied. Tabel 10.1 en 10.2 toon aan dat al vyf gevallestudies aan die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen. Laasgenoemde verdien egter 'n verduideliking.

Ten einde aan die navorsingsbehoeftes te voldoen moet elk van die agt primêre en minstens een van die vier sekondêre vereistes toepaslik wees. Dit beteken dat 'n puntetelling van 1 by elk noodsaaklik is. Gevolglik moet die totaal minstens 9 wees. Indien 'n totaal 9 of meer is, maar 'n puntetelling van 1 is nie by elke primêre en minstens een sekondêre vereiste toegeken nie, sal dit beteken dat daar nie aan die navorsingsbehoeftes voldoen is nie. ‘n Punteskaal is bloot oorweeg ten einde ‘n onderskeid te tref en dui geensins op ‘n waarde-oordeel nie. ‘n Punt van 2 toon dat ‘n aspek tot ‘n groot mate tydens die navorsing benut is om by ‘n antwoord uit te kom. Dienooreenkomstig dui ‘n punt van 1 daarop dat ‘n vereiste tot ‘n mindere mate tot die oplos van die probleem bygedra het, terwyl 0 daarop dui dat ‘n vereiste geensins hiervoor benut kon word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Tabel 10.1 toon aan dat daar by al vyf gevallestudies aan die vereistes en dus ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

Om aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes te voldoen moet daar eerstens aan die navorsingsbehoeftes voldoen word. Weer eens is 'n toekenning van 1 punt by elk van die vereistes nodig. Die minimum puntetoekenning is dus 8, mits daar by elke vereiste 'n punt verwerf is. Tabel 10.2 toon dat elk van die vyf gevallestudies hieraan voldoen en dat dit ook aan die kriteria voldoen. Gevolglik is daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 10.1 METING VAN DIE GEVALLESTUDIES AAN DIE HAND VAN DIE NAVORSINGSBEHOEFTES

| Navorsingsbehoeftes | | Gevallestudies | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria:<br>Waarheid<br>Objektiwitei<br>Rasionaliteit | Vereistes:<br><br>Primêr: | Bronkhorstruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis voetpaadjies | WPLM 1913-huis | Pionier Museum Edwardiaanse huis |
| | Kultuurverband | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | Ruimte | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Tyd | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Beskrywing | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Verklaring | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Materiële kultuur | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Sekondêr:<br>Aanpassing by omgewing | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Sosiale strukture | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 |
| | Simbolisme | 1 | 1 | 2 | 0 | 0 |
| | Ekonomiese/Ideologiese strukture | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Totaal (24) | 18 | 17 | 19 | 16 | 16 |

0 = Vereiste nie teenwoordig nie 1 = Vereiste teenwoordig 2 = Vereiste belangrik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 10.2 METING VAN DIE GEVALLESTUDIES AAN DIE HAND VAN DIE ERFENISHULPBRONBESTUURSBEHOEFTES**

| **Kultuurhulpronbestuursbehoeftes** | | **Gevallestudies** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria: | Vereistes: | Bronkhorstruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis voetpaadjies | WPLM 1913-huis | PionierMuseum Edwardiaanse huis |
| Navorsingsbehoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Bestuursbehoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Opvoedkundige behoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Gemeenskapsbehoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Wetgewingsvereistes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| | Kultuurverband | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | Ruimte | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Tyd | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Beskywing | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Verklaring | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Materiële kultuur | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Totaal (16) | 14 | 14 | 14 | 13 | 13 |

✓ = Aan kriteria voldoen 1 = Vereiste teenwoordig 2 = Vereiste belangrik

## 8. GEVOLGTREKKING: 'N VOORGESTELDE PARADIGMA VIR NAVORSING OP HISTORIES-ARGEOLOGIESE ERFENISHULPBRONTERREINE

Ten einde te bepaal hoe 'n paradigma vir die navorsing van histories-argeologiese erfenishulpbronterreine daar kan uitsien, is dit nodig dat die inligting uit tabel 3.4, 3.5, 10.1 en 10.2 op geïntegreerde wyse aangebied word. In hoofstuk 3 (punt 6.10) is daarop gewys dat die Kontekstuele, Kultuurhistoriese, Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma moontlik toepaslik vir aanwending in die historiese argeologie kan wees. Ten einde te kan bepaal watter hiervan die mees toepaslike is, moet daar na die bevindinge van die genoemde tabelle gekyk word.

Op 'n teoretiese vlak is die Kontekstuele paradigma as die mees geskikste paradigma vir histories-argeologiese navorsing uitgewys (vergelyk tabel 3.4). Omdat die vyf gevallestudies aan die navorsingsvereistes voldoen (vergelyk tabel 10.1), beteken dit dat die Kontekstuele paradigma benut is omdat dit die enigste paradigma is wat die navorser toelaat om al hierdie vereistes in ag te neem tydens die navorsingsproses. Foucault (1972:139) stel dit dat argeologie reëls verwerp en verskeie moontlikhede in ag neem, en dit is juis waarop die voorafgaande dui. Gevolglik bewys dit dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste vir navorsing in die historiese argeologie is. 'n Vergelyking van die oorblywende drie paradigmas met die navorsingsvereistes toon aan dat hulle minder geskik hiervoor is.

Die Kultuurhistoriese paradigma voldoen byvoorbeeld nie aan die primêre vereiste van verklaring nie, asook nie aan die sekondêre vereistes van aanpassing by die omgewing, sosiale strukture en simbolisme nie. Om 'n terrein bloot te beskryf en nie te verklaar nie, beteken dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geen ware interpretasie en verstaan daarvan bereik word nie. Dit blyk derhalwe dat die Kultuurhistoriese paradigma vermy moet word, maar tog benut kan word in gevalle waar hierdie aspekte nie van belang is nie.

Die Strukturalistiese paradigma voldoen nie aan die primêre vereistes van kultuurverband en individualiteit nie en ook nie aan die sekondêre vereiste van aanpassing by die omgewing nie, terwyl die Neo-Marxistiese paradigma nie aan die primêre vereistes van kultuurverband en individualiteit voldoen nie. Net soos by die Kultuurhistoriese paradigma beteken dit dat hierdie paradigmas slegs vir navorsing waar hierdie aspekte nie van belang is nie, aangewend kan word. Die uitsluit van die kultuurverband het tot gevolg dat hierdie twee paradigmas nie vir diachroniese studies benutbaar is nie, maar bloot vir sinchroniese studies. Verklaring word ook beperk omdat verskynsels om hierdie rede ook nie met soortgelyke verskynsels in verband gebring kan word nie. Dit beteken dat 'n argeologiese terrein in isolasie bestudeer word. Gevolglik is die aanwending van die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma beperk.

Deetz (1977:43) stel dit duidelik dat daar in die historiese argeologie tot ‘n groot mate op die individu gefokus word. Volgens Foucault (1972:157) lei argeologiese analise ook tot individualisering. Hoewel sommige individue duidelik herkenbaar in die historiese argeologie is, is dit nie ‘n voorvereiste daarvoor nie. Omdat hierdie twee paradigmas individualisering totaal uitsluit, is dit duidelik dat dit vermy moet word.

Die vereistes wat belangrik is ten opsigte van erfenishulpbronbestuur lei tot dieselfde gevolgtrekking as die bostaande. Weer eens word die Kontekstuele paradigma uitgewys as die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mees geskikste paradigma (vergelyk tabel 3.5). Om dieselfde redes as bogenoemde is die Kultuurhistoriese, Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma minder aanvaarbaar.

Tabel 10.2 dui aan dat daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is tydens die navors van die vyf gevallestudies in hierdie studie. Omdat die vereiste van verklaring nie by die Kultuurhistoriese, en dié van kultuurverband en individualiteit nie by die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma aangetref word nie, was dit nie moontlik om een van hierdie paradigmas te benut nie.

Dit moet weer eens gestel word dat dit nie beteken dat hierdie drie paradigmas nie ten opsigte van erfenishulpbronbestuur aangewend kan word nie. Wanneer die genoemde vereistes nie 'n belangrike rol by 'n spesifieke terrein vervul nie, sou hierdie paradigmas wel benut kan word. Die moontlikheid hiervoor is egter gering, want sonder verklaring sal daar nie behoorlik aan die opvoedkundige behoeftes voldoen kan word nie en sonder om die kultuurverband en moontlike individualiteit in ag te neem, sal die navorsings- en gemeenskapsbehoeftes nie volledig aangespreek word nie.

Daar moet onthou word dat sommige skrywers die Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma, bloot as verskillende uitinge van wat genoem word die Post-proses-paradigma, beskou (Du Toit 1994:214). Dit bied 'n verklaring vir die moontlikheid om meer as een paradigma te benut. Aangesien al die uitgangspunte van die Kultuurhistoriese paradigma in die Kontekstuele paradigma opgeneem is, is dit nie vreemd dat eersgenoemde ook steeds benut kan word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Post-proses argeologie word daardeur gekenmerk dat dit nie net een benadering verkies nie en dat daar nie noodwendig ‘n rigiede metodologie hoef te wees nie. Dit word ook deur ‘n gebrek aan konsensus gekenmerk (Hodder 1995:181). Dit dien as ‘n verklaring vir die moontlikheid om steeds meer as slegs een teoretiese benadering te benut.

Uit die voorafgaande toepassing van die verskillende paradigmas in die argeologie op die vyf gevallestudies, het die volgende boonop geblyk:

- Slegs een uitgangspunt van die Kultuurhistoriese en Kultuurproses-paradigma was toepaslik en kon by al vyf gevallestudies benut word.
- Twee uitgangspunte van die Strukturalistiese paradigma kon toegepas word, maar elke keer op 'n ander geval, naamlik eers by die Bronkhorstruïne en later by Melrosehuis.
- Van die Neo-Marxistiese paradigma was een uitgangspunt op al vyf gevallestudies van toepassing, terwyl nog 'n uitgangspunt in 'n enkele ander geval (die Bronkhorstruïne) toepaslik was.
- Drie uitgangspunte van die Funksionalistiese paradigma kon op al vyf gevallestudies toegepas word.
- Al vyf die uitgangspunte van die Kontekstuele paradigma kon op al vyf gevallestudies toegepas word.

Bostaande word in tabel 10.3 opgesom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 10.3 'N OPSOMMING VAN DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE ONDERSKEIE PARADIGMAS IN HIERDIE STUDIE**

| | | GEVALLESTUDIE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Bronkhorsts-ruïne** | **Kerkstraat-watervoor** | **Melrosehuis** | **1913-huis** | **Pionier Museum** |
| P | **Kultuur-historiese** | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis |
| A R | **Funksiona-listiese** | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie |
| A D | **Kultuurproses-** | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke |
| I | **Strukturalis-tiese** | Ondersteuning van 'n bepaalde ideologie | | Simboliese strukture word van die argeologiese rekord afgelei | | |
| G M A | **Kontekstuele** | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis |
| | **Neo-Maxistiese** | Ideologie beïnvloed alle menslike aktiwiteite<br>Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer |

* Hier word hoofsaaklik verwys na die gewone veldwerktegnieke (soos byvoorbeeld opgrawing, opmeting, identifisering en analise van artefakte), hoewel dit nie oor die afgelope twee dekades veel verander het nie. Die analise van kulturele materiaal word ook hierby ingesluit, hoewel dit in gedagte gehou moet word dat daar beperkings hierop kan wees as gevolg van die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van sekere tegnieke tydens die doen van die navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hieruit is dit duidelik dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste raamwerk vir toepassing in die historiese argeologie daarstel. Dit spreek ook die behoeftes van erfenishulpbronbestuur die beste aan.

Uit die literatuurstudie (hoofstuk 2) was dit duidelik dat feitlik geen bron wat oor die paradigmas handel, dit met erfenishulpbronbestuur in verband bring nie. Slegs twee bronne, Meyer (1995) en Van Vollenhoven (1998a) het hieraan aandag gegee en het tot dieselfde gevolgtrekking gekom, maar sonder om dit enigsens prakties toe te pas. 'n Derde bron, Hodder (1995:182) maak bloot daarvan melding dat die Kontekstuele paradigma ook binne die publieke sfeer aangewend kan word. Hieronder meld hy dinge soos grondeise en toerisme (Hodder 1995:168).

Die gevolgtrekking waartoe daar gekom word, is derhalwe dat die Kontekstuele paradigma, met sy uitgangspunte soos in hierdie studie aangedui, geskik is vir histories-argeologiese navorsing. Die rede hiervoor is dat dit beter as enige ander paradigma van die data kan rekenskap gee (Hodder 1995:185). Hierdie paradigma moet egter effens aangepas word ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur, sodat 'n versoening tussen die behoeftes van individuele (inheemse) gemeenskappe en hulle kultuurerfenis aan die een kant en basiese wetenskaplike navorsing aan die ander kant bewerkstellig kan word.

Die "nuwe" paradigma waarvan daar in hierdie studie sprake is, is gevolglik niks anders as die Kontekstuele paradigma nie, maar met 'n duidelike wyer toepassing omdat dit nie bloot gaan oor die bestudering van histories-argeologiese terreine binne hulle konteks nie, maar ook oor die hantering daarvan binne die moderne samelewingsverband. In hierdie opsig word die klem op die kulturele belang van voorwerpe of terreine geplaas (vergelyk punt 3.3 in hoofstuk 3), 'n aspek wat ook deur artikel 3(3) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne aangespreek word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie hedendaagse belang het vir 'n lang tyd nie 'n rol in argeologiese navorsing gespeel nie (Foucault 1972:166).

In hierdie opsig sluit dit aan by die bestuursmodel van wetenskapsbeoefening (vergelyk hoofstuk 3, punt 2.1). Hierdie Erfenishulpbronbestuursparadigma berus op die volgende uitgangspunte:

- Die kultuurverband van 'n terrein is noodsaaklik in die verklaring en interpretasie daarvan. Voorts is die datering van 'n terrein belangrik ten einde dit aan 'n spesifieke tydperk te koppel. Die konteks van hierdie tydsaspek plaas die terrein in 'n historiese konteks en verbind dit met 'n spesifieke groep in die hedendaagse samelewing.

- Insig word in kulturele betekenisse verkry deur die onmiddellike historiese konteks daarvan na te vors. Deur die argeologiese data met historiese data aan te vul en ooreenkomste en verskille in die twee stelle inligting aan te toon, is dit moontlik om 'n wyer en meer korrekte evaluasie, interpretasie en verklaring van 'n terrein te gee. Op hierdie wyse word die behoeftes, soos deur die navorsingsgemeenskap vereis, sowel as die algemene behoeftes van die gemeenskap gedien.

- 'n Deeglike beskrywing van die terrein (wat die omgewingskonteks insluit) sowel as van die individuele verskynsels en voorwerpe moet gegee word. Dit behels onder meer 'n volledige dokumentering daarvan en die benutting van die dokumentasie (foto's, planne, sketse, voorwerpe, ensovoorts) vir die oordrag van inligting. Hierdie beskrywing dien as die eerste basiese verklaring daarvan en vergemaklik die uiteindelike bestuur van die terrein.

- Die verklaring van 'n argeologiese terrein sal so na as moontlik aan die waarheid wees, indien al hierdie uitgangspunte benut word. Hierdeur sal dit moontlik wees om die terrein optimaal vir opvoedkundige doeleindes te benut, te bemark en te kommunikeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Materiële kultuur word deur iemand gemaak. Die vasstel van wie sodanige individu of individuele groep binne 'n groter samelewing is, kan 'n bydrae tot die verklaring van die argeologiese rekord bied. Deur die voortbring van kultuur skep sodanige individu die samelewing waarvan hy deel vorm. Op hierdie wyse word die verhouding tussen die individu en die sosiale stelsel daargestel. Dit is ook moontlik om hierdie individualiteit aan 'n groep in die huidige gemeenskap te koppel waardeur dit sal bydra tot die aanspreek van spesifieke gemeenskapsbehoeftes. Dit beteken dus dat die individuele kultuurskepper ook aan 'n toekomstige sosiale stelsel verbind kan word.
- Materiële kultuur is 'n indirekte refleksie van menslike gedrag. Dit beteken dat dit 'n spesifieke betekenis het, wat daaraan toegeken word op grond van die interne en eksterne invloede wat daarop uitgeoefen word. Hierdie invloede is die ruimtelike aspekte, die omgewing en prosesse van aanpassing daarby, sosiale strukture, simbolisme en ekonomiese/ideologiese strukture, sowel as die wisselwerking daarvan met die mens. Daar moet na die totaliteit van hierdie faktore gekyk word om betekenisse af te lei, met ander woorde die terrein, verskynsel of voorwerp moet in sy totale konteks (dit is die chronologiese, historiese, kulturele en geografiese konteks, sowel as die vindplekverband) bestudeer word. Dit sluit ook die hedendaagse konteks van die terrein en die belang daarvan vir die huidige samelewing in.
- Wetgewingsvereistes moet te alle tye tydens die navorsing, bestuur en benutting van 'n argeologiese terrein nagekom word.

Die bogenoemde uitgangspunte het tot gevolg dat die paradigma nie net aan navorsings- en erfenishulpbronbestuursvereistes voldoen nie, maar ook aan die ses doelwitte ten opsigte van historiese argeologie (vergelyk hoofstuk 3, punt 4.5). Gevolglik is die Erfenishulpbronbestuursparadigma, 'n onderafdeling van die Kontekstuele paradigma, geskik vir navorsing op histories-argeologiese terreine ten einde die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aan te spreek. Dit kan soos volg uitgebeeld word (Tabel 10.4):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 10.4 'N UITBREIDING VAN DIE KONTEKSTUELE PARADIGMA OM DIE ERFENISHULPBRONBESTUURSPARADIGMA TE VORM BINNE DIE TOEPASSINGSVELD VAN DIE HISTORIESE ARGEOLOGIE**

Geesteswetenskappe

Argeologie

Historiese-argeologie

Koloniale argeologie Etno-argeologie Marine-argeologie Pioniersargeologie

| **Kontekstuele paradigma** | **Erfenishulpbronbestuursparadigma** |
|---|---|
| Kultuurverband en datering is belangrik → | → Verbintenis met hedendaagse gemeenskap |
| Benut historiese kennis → | → Voldoening aan navorsingskriteria (waarheid, objektiwiteit, rasionaliteit) |
| Beskrywing → | → Bestuur; Opvoedkundige behoeftes |
| Verklaring → | → Opvoedkundige behoeftes |
| Individualiteit → | → Verbintenis met 'n hedendaagse gemeenskap (toekomstige sosiale stelsel) |
| Materiële kultuur is 'n indirekte refleksie van menslike gedrag op grond van interne en eksterne invloede (totale konteks) → | → Voldoening aan navorsingsbehoeftes en bepaling van belang vir hedendaagse gemeenskap |

Militêre argeologie Industriële argeologie Klassieke argeologie Stedelike argeologie

ensovoorts

Historiese Argeologie

Historiese-argeologie

Argeologie

Geesteswetenskappe

# 9. PRAKTIESE RAAMWERK VIR HISTORIES-ARGEOLOGIESE ERFENISHULPBRONBESTUUR

Volgens Van Vollenhoven (1998a:47) word die volgende vereistes in 'n erfenishulpbronbestuursverslag benodig:

a. Naam van verslag/projek
b. Naam van opdraggewer/ontwikkelaar
c. Opsomming
d. Ligging van ondersoekgebied (land, provinsie, dikstrik)
e. Doelstelling
f. Motivering vir projek
g. Terreinbeskrywing(omgewing)
h. Metodiek
i. Verwysingsterminologie
j. Veronderstellings en beperkinge
k. Kruisverwysings na bronne, voorwerpe, dokumentasie, ensovoorts
l. Individuele beskrywing van gevonde erfenishulpbronne, insluitend terreinname
m. Lokalisering van gevonde erfenishulpbronne, insluitende terreinnommers
n. Wetgewingsvereistes
o. Evaluering van erfenishulpbronne, insluitende tipe, datering en toestand daarvan
p. Evaluering van die impak van ontwikkeling op die erfenishulpbronne
q. Definiëring van vakterme
r. Bevindinge
s. Aanbevelings
t. Bronverwysings
u. Naam van konsultant en instansie waaraan verbonde
v. Datum

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit word egter duidelik gestel dat hierdie bloot 'n riglyn is en dat dit aangepas kan word indien omstandighede dit sou vereis.

Uit tabel 10.4 blyk dit dat die volgende aspekte tydens navorsing op 'n histories-argeologiese erfenishulpbron aandag behoort te geniet.

i. Kultuurverband

ii. Datering

iii. Historiese kennis

iv. Beskrywing

v. Verklaring

vi. Individualiteit

vii. Materiële kultuur

viii. Konteks: chronologies
histories
kultureel
geografies
vindplekverband

ix. Hedendaagse gemeenskap

x. Navorsingskriteria: waarheid
objektiwiteit
rasionaliteit

xi. Bestuur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

xii. Opvoedkundige behoeftes

xiii. Belang van terrein

Deur die genoemde twee stelle vereistes te kombineer (en met inagneming van die herhaling van sommige hiervan) kan die volgende lys vereistes vir die navors van histories-argeologiese erfenishulpbronterreine daargestel word:

**A. Navorsingsvereistes:**

I. Naam van verslag/projek

i. *Kultuurverband*

*ii.* *Datering*

*iii.* *Individualiteit*

II Naam van opdraggewer/ontwikkelaar

i. *Kultuurverband*

*ii.* *Individualiteit*

*iii.* *Hedendaagse gemeenskap*

III Ligging (lokaliteit)

i. *Geografiese konteks*

*ii.* *Vindplekverband*

IV Doelstelling

i. *Bestuur*

*ii.* *Opvoedkundige behoeftes*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*iii.* *Belang van terrein*

V Motivering vir projek

i. *Kultuurverband*

*ii.* *Datering*

*iii.* *Historiese kennis*

*iv.* *Individualiteit*

*v.* *Hedendaagse gemeenskap*

VI Terreinbeskrywing (omgewing)

i. *Beskrywing*

*ii.* *Verklaring*

*iii.* *Materiële kultuur*

*iv.* *Geografiese konteks*

VII Metodiek

Navorsingskriteria, naamlik:

i. *Waarheid*

*ii.* *Objektiwiteit*

*iii.* *Rasionaliteit*

VIII Kruisverwysings na bronne, voorwerpe, dokumentasie, ensovoorts

i. *Kultuurverband & kulturele konteks*

ii. *Datering & chronologiese konteks*

*iii.* *Historiese kennis & konteks*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*iv.* *Beskrywing*

*v.* *Verklaring*

IX Individuele beskrywing van erfenishulpbronne

i. *Beskrywing*

*ii.* *Materiële kultuur*

*iii.* *Historiese konteks*

X Evaluering

i. *Chronologiese konteks*

*ii.* *Historiese konteks*

*iii.* *Kulturele konteks*

*iv.* *Geografiese konteks*

*v.* *Vinkplekverband*

*vi.* *Beskrywing*

*vii.* *Verklaring*

XI Bevindinge

i. *Navorsingskriteria*

*ii.* *Bestuur*

*iii.* *Opvoedkundige behoeftes*

*iv.* *Belang van terrein*

XII Aanbevelings

i. *Bestuur*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*ii.* *Opvoedkundige belang*

*iii.* *Belang van terrein*

XIII Bronverwysings

**B. Tegniese vereistes**:

I. Opsomming

II. Verwysingsterminologie

III. Veronderstellings en beperkinge

IV. Wetgewingsvereistes

i. Kultuurverband

ii. Datering

iii. Historiese kennis

iv. Hedendaagse gemeenskap

v. Bestuur

vi. Opvoedkundige behoeftes

vii. Belang van terrein

V. Definiëring van vakterme

VI. Naam van konsultant en instansie waaraan verbonde

VII. Datum van ondersoek

Dit sal noodwendig nie in alle gevalle nodig wees om al die vereistes te benut nie. Net so sal sommige aspekte nie onder al die afdelings waar dit gelys is bespreek word nie, byvoorbeeld

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuurverband. (Ii; IIi; Vi; VIIIi) hoef slegs een keer bespreek te word, terwyl dit onder die ander hoofde bloot genoem kan word om hierby aansluiting te vind. Bostaande dui egter die moontlike hoofde waaronder dit bespreek kan word aan. Die omstandighede rondom individuele projekte en veral die oogmerke van die opdraggewer, kan 'n invloed uitoefen op die noodsaaklikheid om elkeen van die vereistes te benut. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die wetgewingsvereistes van kardinale belang is en dat die individuele oogmerke van die navorser, gemeenskap en opdraggewer hieraan gemeet sal word. Bostaande raamwerk is van praktiese nut vir die navorser in historiese argeologie met die oog op erfenishulpbronbestuur. Dit is egter 'n buigsame raamwerk en dien bloot as 'n riglyn.

## 10. SLOT

In hierdie studie is daar gepoog om die mees geskikste wetenskaplike paradigma te vind vir histories-argeologiese navorsing ten einde aan die behoeftes van erfenishulpbronbestuur te voldoen. Om hierin te slaag is 'n deeglike ondersoek na paradigmas in die argeologie onderneem en is die begrip historiese argeologie gedefinieer. Aspekte soos die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika, wetenskapsdimensies, erfenishulpbronbestuur, historiografie en metodeleer het ook aandag geniet, omdat dit van belang vir hierdie studie geag is. Hierdie ondersoek het 'n wye verskeidenheid van bronne ingesluit (vergelyk hoofstuk 2). Die bronne is bespreek en in hoofstuk 3 benut ten opsigte van die doel van hierdie studie.

Uit die bronnestudie is afgelei dat daar leemtes ten opsigte van die toepassing van enige hiervan in die historiese argeologie en erfenishulpbronbestuur is. Die leemtes is gebruik om die probleem vir hierdie studie te formuleer (vergelyk hoofstuk 1). Die eerste doelwit van die studie, naamlik om navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes te bepaal, is bereik deurdat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetenskapdsdimensies en erfenishulpbronbestuur bespreek is (vergelyk hoofstuk 3, punt 2 en 3).

'n Uiteensetting van verskillende definisies van historiese argeologie, het tot 'n nuwe definisie (die tweede doelwit van hierdie studie) gelei (vergelyk punt 4 van hoofstuk 3). Die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika (die derde doelwit) is ook in hoofstuk 3 (punt 5) vasgestel. Op hierdie wyse is die tweede en derde doelwit van die studie bereik. Deur 'n ondersoek na paradigmas in die argeologie te onderneem, is daar aan die vierde doelwit van hierdie studie voldoen, naamlik om 'n samevattende oorsig van paradigmas in die argeologie te gee (vergelyk hoofstuk 3, punt 6).

Die vyfde doelwit van die studie, naamlik om te bepaal watter paradigma(s) in die historiese argeologie toegepas kan word, is gedeeltelik in hoofstuk 3 (punt 4) bereik (vergelyk p. 517). Omdat dit slegs op 'n teoretiese vlak plaasgevind het, moes die bevindinge eers later getoets word, naamlik in hoofstuk 5-9. Op grond van die teoretiese ondersoek is daar 'n keuse ten gunste van die Kontekstuele paradigma gemaak.

Die sesde doelwit van die studie is ook in hoofstuk 3 (punt 7) bereik, deurdat 'n oorsig van denkskole in die geskiedeniswetenskap gegee is. Hierdeur is 'n direkte verband tussen die geskiedenis en die argeologie getrek. Hoewel die sewende doelwit nie in hierdie hoofstuk (3) bereik is nie, is 'n belangrike metodiese onderbou daarvoor verleen in punt 8. Hierdie doelwit, naamlik die kombinering van argeologiese en historiese metodologie is in hoofstuk 5-9 bereik.

Die agste doelwit van hierdie studie, sluit hierby aan. Dit was nodig om die paradigmas aan die hand van voorbeelde van histories-argeologiese navorsing te demonstreer. Die voorbeelde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(gevallestudies) wat hiervoor benut is, kom almal uit die geografiese gebied noordelike Gauteng. Vyf gevallestudies is bespreek, naamlik die Lucas Bronkhorstruïne (hoofstuk 5), Kerkstraat-watervoor (hoofstuk 6), Melrosehuis se voetpaadjies (hoofstuk 7), Willem Prinsloo Landboumuseum se 1913-huis (hoofstuk 8) en Pionier Museum se Edwardiaanse huis en eendedam (hoofstuk 9). Al vyf projekte is tiperend van die behoefte wat die gemeenskap het ten opsigte van die bewaring van hulle kultuurerfenis. Hierdie gemeenskap is nie noodwendig die publiek self nie, maar soms ook diegene wat namens hulle optree, byvoorbeeld stadsrade en nasionale museums. Omdat dit vandag nie meer bloot die wetenskaplike is wat alleen kan besluit wat van belang is om na te vors nie, was hierdie voorbeelde geskik vir hierdie navorsing. Dit is die taak van die wetenskaplike om hierdie aspekte met piëteit te benader en om sover moontlik basiese navorsing daarop uit te voer. Hierdie aspek is suksesvol uitgevoer en sluit by die sewende doelwit aan. Op hierdie wyse is daar aan die agtste doelwit voldoen.

Die sewende doelwit van die studie was die kombinering van die metodologie van die vakgebiede argeologie en geskiedenis. Deur die toepassing van die Kontekstuele paradigma is 'n wye verskeidenheid van inligtingsbronne benut. Tydens elke gevallestudie is die historiese agtergrond (konteks) eers nagegaan deur soveel as moontlik historiese bronne te benut (vergelyk Beaudry 1988). Dit het onder andere argivale bronne, gepubliseerde en ongepubliseerde manuskripte, kaarte, foto's en mondelinge bronne ingesluit. In sommige gevalle is daar van die hulp van 'n kultuurhistorikus gebruik gemaak, terwyl die argeoloog in ander gevalle self die historiese navorsing gedoen het.

Op hierdie wyse het die argeologiese navorsing op die onderskeie terreine plaasgevind en is die historiese kennis benut om die opgrawings te rig. In die geval van die Bronkhorstruïne en die Kerkstraat-watervoor het die twee fases min of meer gelyktydig plaasgevind. Vrae wat deur die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

argeologiese navorsing onopgelos gelaat is, is weer deur middel van historiese bronne nagevors en probeer oplos. Sekere historiese inligting is byvoorbeeld eers bekom lank nadat die opgrawings op 'n sekere terrein reeds afgehandel was. So ook is bykomende historiese inligting in verband met die kulturele materiaal wat opgegrawe is, dikwels eers maande later bekom en benut.

'n Belangrike saak wat gestel moet word, is dat histories-argeologiese navorsing 'n deurlopende proses is, veral ook omdat alle historiese inligting nie altyd beskikbaar is nie. Die gedurige opspoor van nuwe inligting en die benutting daarvan ten opsigte van die navorsing, blyk derhalwe inherent deel van die Kontekstuele paradigma (en dus ook van die Erfenishulpbronbestuursparadigma) te wees. Dit sluit aan by Orser (1996: 39, 183 en 204) se gedagte van die globalisering van historiese argeologie, wat onder meer insluit dat alle inligting oor 'n histories-argeologiese terrein tog onmoontlik nie beskikbaar kan wees om deur die navorser benut te word nie. Bostaande bewys dat daar ook aan die sewende doelwit voldoen is.

Omdat argeologiese navorsing altyd binne die konteks van die omgewing geplaas en verstaan moet word, is hoofstuk 4 gewy aan die omgewings- en agtergrondsgeskiedenis van noordelike Gauteng. Hierdeur is die navorsingsgebied ook in 'n historiese raamwerk geplaas.

Die negende doelwit van die studie is in hoofstuk 10 (punt 7) bereik. Daar is aangetoon dat elke gevallestudie aan die behoeftes van erfenishulpbronbestuur voldoen. Daar is ook aangetoon hoe die gevallestudies benut is ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vyfde doelwit, naamlik om te bepaal watter paradigma(s) in die historiese argeologie toegepas kan word, is finaal in hoofstuk 10 (punt 8) bereik. Die paradigmas wat moontlik in die historiese argeologie toegepas kan word, is hier aan die gevallestudies gemeet. Hieruit het dit geblyk dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste vir histories-argeologiese navorsing is. Die doelstelling van hierdie studie, naamlik om te bepaal welke wetenskaplike paradigma geskik is vir toepassing in die historiese argeologie, is gevolglik gedeeltelik bereik.

Hoewel dit moontlik is dat daar in besondere gevalle en op grond van sekere doelwitte van spesifieke histories-argeologiese navorsingsprojekte in die toekoms, ook van ander paradigmas gebruik gemaak sal word, is dit duidelik dat die Kontekstuele paradigma tans die beste raamwerk vir navorsing in die historiese argeologie bied. Hierdie bevinding stem ooreen met die siening van Hodder (1988:139-142) en Boeyens (1998:244). Deur die Kontekstuele paradigma in die historiese argeologie toe te pas, word 'n fundamentele teoretiese onderbou aan historiese argeologie verleen, sodat dit sy regmatige plek in die vakwetenskap argeologie kan inneem.

Dit was nodig om die Kontekstuele paradigma spesifiek aan te pas ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur (doelwit 10). Dit het tot die formulering van die Erfenishulpbronbestuursparadigma gelei. Laasgenoemde paradigma kan egter nie waarlik as 'n nuwe paradigma beskou word nie. Dit is veel eerder 'n uitbouing van die Kontekstuele paradigma sodat die doelwitte van historiese argeologie, sowel as die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aangespreek word. Op hierdie wyse is daar aan die tiende en laaste doelwit voldoen en sodoende ook aan die doelstelling, naamlik om deur middel van die paradigmas die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aan te spreek. Deur ‘n praktiese raamwerk vir histories-argeologiese erfenishulpbronbestuur saam te stel, is riglyne vir die uitvoer van sodanige projekte daargestel. Die daarstelling van die Erfenishulpbronbestuursparadigma sal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik tot die verdere ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk vir historiese argeologie lei. Dit verhoog boonop die praktiese en sosiale relevansie van historiese argeologie.

Die paradigma sou waarskynlik 'n wyer toepassingsveld as die historiese argeologie kon hê (naamlik vir prehistoriese argeologie). Dit sou ook 'n wyer toepassing binne die historiese argeologie, naamlik op terreine wat met ander inheemse gemeenskappe verbind kan word, kan hê. Dit behoort ook op 'n meer komplekse terrein benut te word ten einde die toepaslikheid daarvan te toets. Dit was egter nie die doel van hierdie studie om dit wyer toe te pas nie. Hierdeur word verdere navorsingsmoontlikhede vir toekomstige navorsers daargestel. Hierdie aspek hou met die sosiologiese model van wetenskapsbeoefening verband (vergelyk punt 2.1 in hoofstuk 3). Die Erfenishulpbronbestuursparadigma kan net suksesvol toegepas word as daar aan die navorsings- en erfenishulpbronbestuursvereistes voldoen word. Deur aan eersgenoemde te voldoen word uiting aan die epistemiese model van wetenskapsbeoefening gegee. Die ekonomiese model word deur die erfenishulpbronbestuursbehoeftes bereik. Die Erfenisbestuursparadigma is laastens ook in lyn met die bestuursmodel van geesteswetenskaplike navorsing. Dit is dus in ooreenstemming met die nuutste uitinge in wetenskaplike navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA